LANGENHOVEN GIMNASIUM OUDTSHOORN

GEDRAGSKODE VIR SONGOUD EN ARISTO

1. KLEREDRAG

1.1 WEEKSDAE

(a) Gedurende skoolure: skooldrag
(b) Buite skoolure op terrein: Fatsoenlike ontspanningsdrag
(c) Aandete: soos bo (b)
(d) Woensdae tydens dorpverlof: skooldrag

1.2 NAWEKE

Leerders met dorpverlof: Fatsoenlike ontspanningsdrag

2. BESOEKE DEUR VRIENDE EN FAMILIE

2.1 Geen leerder mag gedurende studiesessies en maaltye besoek ontvang sonder toestemming nie.

2.2 Leerders ontvang besoekers slegs op die toelaatbare terrein en in die sitkamers.

2.3 Geen besoekers word in die koshuiskamers toegelaat nie.

2.4 Fisiese kontak tussen leerders word streng verbied.

3. TELEFOON

3.1 Oproepe mag nie gedurende studiesessies, maaltye en na 21:30 ontvang word nie.

3.2 Selfone moet gedurende ete, studie, stiltetye en na ligte uit afgeskakel wees.

4. TUISNAWEKE EN VAKANSIES

4.1 Daar is normaalweg twee tuisnaweke per kwartaal. (Datums word reeds aan die begin van die jaar bekend gemaak). Daar word dan van kosgangers verwag om na hul ouers te gaan.

4.2 Indien die koshuise besoek gedurende hierdie tye ontvang, word die leerders versoek om hul kamers te ontruim. Daar sal egter alternatiewe stoorplek voorsien word.

5. TYE VIR TERUGKOMS

5.1 Op die dag voor die skool heropen: tot 21:00.

5.2 Die dag waarop die skool heropen: vanaf 06:00 tot aanvang van skool. Leerders mag nie laat wees vir skool nie.

5.3 TUSSEN 21:00 EN 06:00 SAL LEERDERS NIE IN DIE KOSHUISE ONTVANG WORD NIE, TENSY VOORAF MET SUPERINTENDENT GEREëL.

6. VERLOF

6.1 NAWEKE

Aansoek om by maats oor te slaap of te kuier, moet die vorige dag deur die ouers aan die superintendent gerig word.

6.2 DORPVERLOF

Woensdagmiddae: 15:30 – 17:30, mits ‘n leerder geen ander skoolverpligtinge het nie. Dogters en laerskoolleerders moet in groepies van minstens twee loop.

Saterdagoggend: 08:30 – 12:00

Geen leerder mag in die week uitslaap of partytjies bywoon tydens studietye nie.

6.3 **LET WEL:** Dorpsverlof word gedurende die week vir uitsonderlike gevalle deur die onderwyser aan diens of superintendent toegestaan en die brief moet deur die onderwyser aan diens of superintendent geteken word. Die brief moet te **alle tye** by die betrokke leerder gehou word. Enige onderwyser kan te enige tyd in die dorp vir die verlofbrief vra en dan moet dit in die betrokke leerder se besit wees.

6.3.1 Toestemming vir enige aktiwiteite waarby kosgangers na-ure betrokke is en nie deur die skool aangebied word nie, moet deur die betrokke ouer/voog skriftelik aan die superintendent gegee word. (SMS’e word nie aanvaar nie)

6.4 TYDENS SKOOLURE

Die koshuise mag nie gedurende skoolure sonder die superintendent se toestemming besoek word nie en geen dorpsmaat mag saamgeneem word nie.

7. KERKBYWONING

7.1 Leerders besoek die kerk waarvan hulle lidmate is. Nie-lidmate besoek die kerk soos op hulle toelatingsvorms aangedui.

7.2 Leerders van ander kerkgenootskappe woon die oggenddiens en kategeseklasse in hul onderskeie kerke by.

7.3 Geen leerder mag van een kerk na ‘n ander oorgaan, of besoek sonder skriftelike toestemming van sy ouers of wettige voog nie.

8. SIEKTES EN BESERINGS

8.1 Leerders wat siektes of beserings opdoen wat behandeling vereis, moet hulle by die diensdoenende personeellid/superintendent/senior huishoudingstoesighouer aanmeld.

8.2 Leerders wat vanaf die skool koshuis toe gaan weens siekte, moet eers by die matrone aanmeld.

8.3 Medikasie wat deur die ouers verskaf word en by die leerder gehou word, word op eie risiko gebruik.

8.4 Indien ‘n leerder deur ‘n dokter behandel moet word, moet die leerder seker maak dat hy deur die dokter van sy ouers se keuse behandel word die en ouers moet vir mediesefonds-doeleindes gekontak word.

9. EETSALE

9.1 Wanneer die klok lui, tree leerders ordelik voor die eetsaal aan. Wanneer almal netjies en stil in rye staan, stap die leerders in graadverband ordelik in.

9.2 Niemand mag sonder verlof van etes wegbly of laat kom nie. Kosgangers moet self met die matrone reël vir etes as hul toestemming by superintendent/diensdoenende personeellid verkry het om laat te wees.

9.3 Geen eetsaal-eiendom soos koppies, eetgerei, ens. mag uit die eetlokaal verwyder word nie.

9.4 Die tafelhoof rapporteer afwesigheid aan onderwyser aan diens.

9.5 Leerders moet skoene aanhê tydens ete.

10. SLAAPKAMERS

10.1 Leerders moet stiltetye eerbiedig en moet gewas en geklee wees met aanvang van oggend- sowel as aandstiltetye. Deure moet oopstaan.

10.2 Daar mag nooit meer as een leerder op ‘n keer op ‘n bed wees nie.

10.3 Leerders mag hulle met niks anders besig hou tydens stiltetyd nie.

11. ALGEMEEN

11.1 TAALGEBRUIK

Van leerders word verwag om te alle tye hulle taal op welvoeglike wyse te gebruik.

11.2 PERSOONLIKE VOORKOMS VAN KOSGANGERS

11.2.1 Hare – leerders moet voldoen aan die vereistes soos neergelê deur die skool waaraan hulle verbonde is.
11.2.2 Grimering – leerders mag nie grimering by enige vorm van skooldrag dra nie.
11.2.3 Higiëne – persoonlike higiëne word van elke kosganger vereis.

11.3 INTIMIDASIE

Geen leerder mag aan ‘n ander leerder opdrag gee of hom dwing om sekere take vir hom te verrig nie. Dit geld ook vir nuwelinge wat nie gevra mag word om take soos skoene skoonmaak, bed opmaak, ens. vir seniors te verrig nie. Geen kosganger mag ‘n ander kosganger of personeellid se liggaamlike welsyn benadeel of in gevaar stel nie. Hy/Sy mag nie wapens, speelgoed of enige stowwe of voorwerpe wat liggaamlike beserings kan veroorsaak, in sy/haar besit hê nie.

11.4 RADIO’S, CD-SPELERS

Mag aan kragpunte gekoppel word. Dit mag nie buite die kamer gehoor word nie en tydens stiltetye, studietye en ná ligte uit moet dit afgeskakel wees – só nie, sal dit afgeneem word.

Sodra hierdie vergunning deur leerders misbruik word, sal dit summier gestaak word. Geen televisiestelle word toegelaat nie.

11.5 **REKENAARS**

Rekenaars mag tydens studie slegs vir skooldoeleindes gebruik word. Rekenaars mag nie na ligte-uit aangeskakel/gebruik word nie.

11.6 **ELEKTRIESE APPARATE**

Geen yskaste, warmkomberse, ketels, kosmaaktoestelle en verwarmers mag in die kamers gebruik word nie.

11.7 **ELEKTRIESE INSTALLERINGS**

Leerders mag nie elektriese installerings verander of aanbring nie.

11.8 **TROETELDIERE**

Leerders word nie toegelaat om enige troeteldiere aan te hou nie.

11.9 **FIETSE**

Fietse mag op eie risiko aangehou word en mag slegs op die aangeduide plekke geparkeer word.

11.10 **KRAGAANGEDREWE VOERTUIE**

Geen motors mag deur leerders op die terrein bestuur of aangehou word nie.

11.10 **VERBODE TERREIN**

11.10.1 Skoolterrein
11.10.2 Rondom klubhuis en kleedkamers
11.10.3 Waskamer
11.10.4 Motorafdakke

11.11 **BESKADIGING VAN EIENDOM**

11.11.1 Moet onmiddellik gerapporteer word.
11.11.2 Leerders is verantwoordelik vir die herstel van enige skade wat hulle aan koshuiseiendom mag aanrig.
11.11.3 Dit is verbode om met balle naby die geboue en voertuie te speel.
Netheid en sindelikheid moet te alle tye gehandhaaf word. (Slaaplokale, privaatgeriewe en op koshuisterrein).

11.12 Besoektye aan superintendent oor klagtes en verlof sal geskied slegs direk na middagete en direk na aandete (behalwe in noodgevalle).

11.13 Spesiale verlof op Saterdagaande sal by uitsondering aan kosgangers toegestaan word soos vooraf deur die superintendent besluit is en indien die nodige vervoer beskikbaar is. (Hierdie reël is onderhewig aan die gedrag van betrokke leerders). GEEN VERLOF sal op weeks- of Vrydagaande vir partytjies of watter rede ookal vir enigiemand toegestaan word nie.

11.14 Swembad gebruik: slegs wanneer dit nie vir skoolaktiwiteite gebruik word nie en slegs onder toesig van die onderwyser aan diens. Geen leerder mag op die gras of sement rondom die bad hardloop nie. GEEN DUIKBOMME of onnodige uitstort van water sal toegelaat word nie.

11.15 Geen boeke of tasse mag in die gange of studiesaal rondstaan nie. Leerders wat in ander kamers as hul eie studeer, mag ook nie hul tasse en boeke daar laat nie en moet die plek netjies agterlaat.

11.16 Die trappe voor die onderwysers se woonstelle (in Songoud) is vir die leerders buite perke, behalwe in die volgende gevalle:

(a) Noodgeval (brand, ens.)
(b) Naweke
(c) Eerste en laaste dag voor en na vakansie.

11.17 Geen vorm van ontgroening word toegelaat nie.

11.18 Leerders mag onder geen omstandighede by hul kamervensters uitleun, op vensterbanke sit of enigiemand se aandag deur die kamervenster probeer trek nie, en onder geen omstandighede mag wasgoed by die vensters uitgehang word nie.

12. GEDRAG TYDENS STUDIE

12.1 Studietye moet streng nagevolg word. Kosgangers (en ouers) moet toesien dat buitemuurse aktiwiteite nie met studietye bots nie.
12.2 ‘n Kosganger se gedrag moet van so ‘n aard wees dat dit nie enige ander kosganger se kans op die volle leergeleentheid benadeel of ontneem nie.
12.3 Kamerdeure van kosgangers wat vergunning het om in hul kamers te studeer, moet tydens studietyd oopgelaat word. As vergunning misbruik word, sal hy/sy saam met ander in studiesaal studeer.
12.4 Geen hulp deur leerders mag tydens studie verleen word nie.
12.5 Slegs in noodgeval sal leerder toegelaat word om na kleedkamer te gaan.
12.6 Toetse moet voor of na studie geteken word.
12.7 Kosgangers sal alleen verskoon word by studie as hul saam met hul ouers gaan (hoogs uitsonderlik) of aan ‘n skoolaktiwiteit deelneem.

13. OPSTAAN

Moet betyds opstaan na lui van klok. Kamer moet reeds netjies wees as stilteklok lui.

14. LAATLIG

Reël met onderwyser op diens.
Studiesaalreëls geld.
Nie later as 22:30 tensy anders gereël
Geen laatlig op Sondae
Matrieks moet ook vra vir laatlig en mag dit nie misbruik nie.
Laatligte sal nie toegestaan word as die leerder nie tydens studie gewerk het nie.

15. BAD EN STORT

Niemand bad en stort na 21:30 nie.

16. **KOSPAKKIES VIR BUITE-MUURSE AKTIWITEITE**

Bespreek kospakkies ten minste een dag voor benodig.
Moet self kospakkie afhaal.

17. **KAMERS**

Kamers moet te alle tye netjies wees.
Geen prente mag op mure/kaste of binne die kaste aangebring word nie.
Kamers mag nie gesluit wees gedurende die studie/stilte of nag nie.
Niemand gaan in ander kosganger se kamer in as inwoners nie daar is nie.

18. **TUIN**

Die pluk van enige blom is verbode.
Geen balspele op grasperk naby tuin nie.

19. **STRAF, SKORSING EN UITSETTING**

19.1 **Oortreding:** kosgangers wat hulle skuldig maak aan die oortreding van enige van bogenoemde reëls, mag gestraf word na gelang van die erns van die oortreding en in ooreenstemming met die magte en bevoegdhede wat deur die SA Skolewet (no. 84 van 1996) aan die skoolhoof of sy gevolmagtigde verteenwoordiger verleen is.

19.2 **Wangedrag:** kosgangers wat hulle skuldig maak aan ernstige wangedrag of die koshuisreëls by herhaling en moedswillig oortree, mag deur die Beheerliggaam uit die koshuis geskors word**.** Die besit of gebruik van enige dwelmmiddel, drank, rookgoed van watter aard, asook rassisme, geweld, aanranding, die verlaat van die skool en koshuise sonder toestemming en uitdaging van gesag word beskou as ernstige wangedrag en het ‘n dissiplinêre verhoor tot gevolg wat skorsing of uitsetting tot gevolg kan hê.

20. **VERDERE OMSKRYWINGS VAN GEDRAGSKODE**

20.1 Straf mag slegs deur die superintendent/diensdoenende personeellid gegee word.
20.2 Geen lyfstraf mag toegedien word nie.
20.3 Koshuisleiers/onderwysers aan diens mag onder geen omstandighede kosgangers fisies of geestelik afbreek nie.
20.4 Koshuisleier/onderwyser aan diens moet oortredings in strafboek aanteken.
20.5 Superintendent moet onmiddellik in kennis gestel word as oortreding van ‘n ernstige aard is.
20.6 As kosganger se naam gereeld in strafboek verskyn, sal superintendent met ouer/voog skakel vir afspraak sodat alle partye betrokke ‘n oplossing vir probleem kan vind.
20.7 As alkoholiese drank/dwelmmiddels/enige skadelike stowwe/aanstootlike leesstof of materiaal in sy/haar besit gekry word of aan ander kosgangers gegee of daarmee handel gedryf word of onder die invloed van drank of dwelmmiddels is of daarna ruik, moet die skoolhoof in kennis gestel word. Van so ‘n kosganger sal gevra word om ‘n skriftelike verslag van gebeure op te stel en word so ‘n leerder dissiplinêr verhoor.
20.8 Diefstal word as ‘n ernstige oortreding beskou en moet onmiddellik by superintendent aangemeld word en sal net soos bogenoemde hanteer word. Ouers/voog is alleen by magte om ‘n klag by die polisie te lê. Superintendent kan met die toestemming van die ouers/voog ‘n klag namens ouer/voog lê. Hy moet teenwoordig wees as die verklaring deur die polisie afgeneem word indien die ouer/voog nie kan nie. Dissiplinêre verhoor as daar bewyse van diefstal is.
20.9 As kosganger koshuis op enige tydstip (dag of nag) verlaat sonder toestemming, kan die skoolhoof of superintendent nie daarvoor aanspreeklik gehou word nie. Die superintendent sal die ouer/voog in kennis stel. As daar vermoed word dat kosganger wou wegloop, sal

hy/sy as vermis by die polisie aangemeld word met toestemming van ouer/voog. Skoolhoof sal op hoogte gehou word van verwikkelinge. Dissiplinêre verhoor.

20.10 Geen kosganger mag handgemeen raak met ‘n mede-kosganger nie. Jy stel jou bloot aan vervolging. Daar kan ‘n klag van aanranding teen die skuldige by die polisie ingedien word. Dissiplinêre verhoor.

20.11 Vandalisme word in ‘n baie ernstige lig gesien. Kosganger se ouer/voog sal vir enige skade deur kosganger verantwoordelik gehou word. Dissiplinêre verhoor.

20.12 Ouer/Voog mag onder geen omstandighede kosganger van perseel verwyder nie sonder dat die superintendent/onderwyser aan diens in kennis gestel is.

20.13 As ‘n kosganger aan die begin van die kwartaal laat kom of voor die einde van die kwartaal die koshuis verlaat, moet die superintendent skriftelik in kennis gestel word. Dit kan per faks gedoen word (faks no. 044 – 272 6254)

20.14 Geen leerder mag enige vorm van handel bedryf nie.

21. STRAFMAATREëLS

Kombuisdiens
Tuinwerk
Wegneem van dorpsverlof
Beperk tot studiesaal
Belet vriende te kuier
Afneem van selfoon
Herhaaldelike oortredings – verskyn voor al die toesighouers/leiers en ouers word geskakel.
Ernstige oortredings – stel verslag op oor gedrag en neem na skoolhoof, reël vir ‘n dissiplinêre verhoor

22. OPSOMMEND

22.1 Die gedrag en optrede van ‘n kosganger mag nie aan die skool en koshuis se belange afbreuk doen nie, óf die skool of koshuis se naam in diskrediet bring nie. Dissiplinêre verhoor.

22.2 Kosgangers wat hulle skuldig maak aan ernstige wangedrag of enige van bogenoemde reëls oortree, sal gestraf word na gelang van die erns van die oortreding soos vasgestel deur die dissiplinêre komitee.

22.3 Dit word verwag dat elke kosganger met ‘n gesindheid van welwillendheid en respek teenoor sy mede-leerders en meerderes sal optree sodat die welsyn en geluk van al ons kosgangers bevorder kan word.